


**TOULEIER:**

Dagsê Kammalanders!
Kom ons skop af met wat ek hoor is werklike 'wette' wat ek vir die eerste keer van hoor!

## Die 5 bekendste wette ter wêreld:

1. **Dunning-Krugerwet**: Dom mense dink hulle is slim, terwyl slim mense aan hulself twyfel. Hoe minder jy weet, hoe meer selfversekerd is jy.

2. **Parkinson se wet:** Jy is nie besig nie - jy is net sleg met tydbestuur. 'n Taak groei om enige spertydperk wat jy stel te vul.

3. **Pareto-wet (80/20-reël):** 20% van jou ettort gee jou 80% van jou resultate. Fokus op die dinge wat werklik saak maak.

4. **Hanlon se reël**: Mense probeer jou nie seermaak nie, hulle is net onverskillig. Daardie persoon wat nie teruggestuur het nie, Hulle het jou waarskynlik vergeet, nie geïgnoreer nie.

5. **Peter se wet.** Goeie werkers word dikwels slegte bestuurders. Om goed in jou werk te wees, beteken nie noodwendig dat jy op die volgende vlak ook goed sal wees nie.



Hier is ietsie vir die wat nog iets lekkers soek om gedurende Deetsemmer te doen. *Victor Fourie* van Umfula Tentkamp aan die Swazi grens, het nog plek vir julle vir 'n lekker wegbreek na die natuur!

Kontak hom by **072 222 8849** of **066 414 2208** e-pos: **umfulatentedcamp@gmail.com**

**Stap, Visvang, Kanovaarte, Kruisboog skiet, Voëls kyk, Swem, 4x4 ekskursies en Tonneltoere**

**OP DIE OEWER VAN DIE KOMATIRIVIER!**



# Nancy die Springbok-ooi van Vlaandere.

In 1915 het die McLaren-Kennedy gesin van die Vrystaatse plaas Vierfontein, 'n Springbok-ooi genaamd Nancy aan die SA Weermag te Potchefstroom toevertrou. Nancy was slegs 'n jaar oud toe sy as regimentele gelukbringer aan die 4de Infanterieregiment geskenk was.

Saam met haar is die gediggie deur David self geskryf, gestuur:

Hey Jock, am sendin' ya ma 'Nancy'
An' hope that she may tak' yer fancy!
Ye're gaeing' faur across the seas;
Sae mind puier 'Davit' if ye please –
That's me
David Mc Claren Kennedy.
Vierfontein, OFS.
20 August 1915.

Daar was gehoop dat Nancy die soldate sal herinner aan Suid Afrika en geliefdes tuis. Nancy was in die sorg geplaas van skutter Edmund Petersen. Oor 'n periode van 6 maande het hy haar touwysgemaak om op die maat van dromme en doedelsakke (bagpipes) te marsjeer en om aan parades deel te neem. Sy het spoedig diep in die harte van die soldate gekruip.

Die volgende gediggie is aan die Mc Claren Kennedy's gestuur:

Right pleased I was tae get the beastie,
And mony thanks is in my breastie,
And Sir, I'll no neglect ma' duty,
Tae praise her for her grace and beauty,
Mete emblem o' this sunny land
Fit pet tae grace our gallant band.
You may be sure I'll no neglect her,
Wi kindly care I'll aye respect her
She'll be ma' first and constant care
And dine upon the daintiest fare
Wee bits o' grass and heaps o' stubble,
Nae matter whether here or France
We'll aye be prood o' bonny 'Nancy'.




Die soldate kon nie vir 'n beter gelukbringer vra nie. Die SA Brigade se embleem was juis 'n sirkel met die woorde "Eendracht Maakt Macht / Unity Is Strength" rondom 'n Springbokkop.

In September 1915 het 4 SAI per skip na Egipte vertrek. Die warm klimaat van Egipte was veral geskik vir Nancy en haar sekerlik aan die Vrystaat herinner. Die 4 SAI was by Alexandrië in Egipte gestasioneer. Hier het Nancy die aandag van veral die Australiese en Nieu-Seelandse troepe getrek toe sy aan die voorpunt van die 4 SAI kolonne die regiment die stad binnegelei het.

Spoedig het 4 SAI bekend geword as die 'Fighting Springboks'. Nancy het die soldate op maneuvers vergesel, parades gelei en selfs soldate in die loopgrawe besoek. Een aand het Nancy sonder toestemming die kamp verlaat. Daar was gevrees dat iemand haar gesteel het of dat sy dalk in 'n pot opgeeïndig het. Drie dae lank was daar tevergeefs na haar gesoek. As laaste uitweg het soldate buite die kamp op doedelsakke gespeel in die hoop om haar na die kamp te lok. Die volgende oggend het sy die kamp ewe ongeërg binnegestap. Daarna is sy aan 'n leiband vasgemaak.





In Frankryk is Nancy uitgerus met haar eie warm jas, gemaak van Transvaalse Tartan, om haar teen die koue te beskut.

In die Franse dorpie Sailly-le-Sac naby die Somme-front het 4 SAI hul voorberei vir die Somme-offensief. By Armentieres het 4 SAI onder swaar artilerievuur gekom. Nancy het uit vrees probeer om weg te hardloop en in haar paniekbevange haas het sy in 'n muur vasgehardloop en haar linkerhoring gebreek. Sy het spoedig herstel, maar die gebreekte horing het skeef aangegroei. Op 17 Februarie 1918 het sy aan haar laaste seremoniële parade deelgeneem. Met vaste tred op haar dun beentjies het sy ligvoetig 4 bataljons van die SA Brigade na die eerste Delvillebos gedenkdiens gelei, waarna sy rustig aan die voete van skutter Petersen gaan lê het.

Nancy het die onmenslike omstandighede van die oorlog oorleef, maar in November 1918 het sy tydens 'n strawwe winter, longontsteking opgedoen. Dokters het alles probeer om haar te red. Nietemin, op 6 November 1918 het sy aan longontsteking beswyk.



Nancy se afsterwe is met militêre eerbetoon beantwoord. Alle parades is gekanselleer en sy het 'n geweersaluut ontvang. Sy is ter ruste gelê by Hermeton. In gietende reën het haar Suid Afrikaanse troepe hul laaste eerbetoon gebring aan hul gelukbringer. Haar kop en vel is aan 'n Londense Taksidermis geskenk en is later aan Kolonel Sir William Dalrymple van die Transvaal Scottish gestuur om gemonteer te word. Sy was in die offisiersmenasie van die regimenthoofkwartier in Parktown monteer. Sy is later oorgeplaas vir uitstalling na die Oorlogsmuseum in Johannesburg. Sy was so geliefd en bekend dat selfs Koningin Mary en haar seun, kroonprins George VI, haar besoek het met die 4 SAI se aankoms in Brittanje.




# GEHEIME AGENT GERRIE

Doopsondag en in plaas daarvan dat ek na die preek luister, sit en dink ek aan naam kaskenades. Verbeel ek my of word kinders deesdae sulke anderste doopname gegee wat niemand eintlik reg kan uitspreek nie. Dominee word seker ook vooraf reggehelp, sodat hy nie by die doopslag 'n klein foutjie maak en Marilé dalk Marie Lê word nie

Die kwessie laat my toe wonder of daar 'n goeie rede vir die nuwerwetse, volksvreemde gier is. Of sou mens later, juis daaroor, ook agter 'n ander naam wou skuil.

My twee broers en suster is tradisioneel na ons Oupas en Ouma vernoem. Ek word Leonora gedoop. Net so. Geen ander Leonora in die hele familiegeskiedenis nie. Wat my natuurlik erg afgeskeep laat voel, omdat ek nie ook 'n Ouma se naam deel nie.

My ousus weer, voel ongelukkig want haar doopnaam is nie net eie aan haar nie. Kleinboet Johan is van mening dat elke Jan, Rap en sy maat ook Johan heet. Buitendien spel ons almal sy naam glo heeltemal verkeerd, want hy is Johannes gedoop, dus moet dit Johann wees met 'n dubbel n !

Wel ja dubbel n of nie, met Jan en Rap het hy dalk 'n punt beet, want in ons familie is daar nou al glad 'n Johan Melk en 'n Johan Diesel ook. So 'n paar word sommer na Han, sonder die s afgekort, nadat Oupa Johannes verontwaardig gevra het of iemand al ooit vir Dominee uit hoofstuk Hans hoor lees het.

So kan familiename ook maar 'n tameletjie word. My ma se broer het destyds glad £50 betaal om sy erg Nederlandse doopnaam te laat verander.

Aan ons Engelse en Joodse familie se kant gaan dit nie veel beter nie.

Wat my weer terug bring na die spelling en uitspraak van name.
Saul word sommer Sollie en die arme Solomon weer Saalmon.
Klink alteveel na 'n soort vis!

Of, as ek om sy onthalwe beter daaroor probeer voel, na 'n Neil Diamond liedjie.

Maar die heel beste nog is die staaltjie oor die geheimenaam van my Ma, Gerbrecht. Sy is ook vernoem na haar Nederlandse Ouma en word Breggie genoem deur haar familie en later deur haar vriendinne sommer net Gerrie.

So bel my niggie, wie haar ken as tante Breggie, ouetehuis toe. Een van die tannies antwoord die foon en volgens haar woon daar nie 'n tante Breggie nie.
My Ma hoor dit en wil die foon oorneem, maar die tannie klou verbete vas en sê baie beslis vir haar, jy is nie Breggie nie, jy is Gerrie.
Hewig word daar toe gestry oor wie is wie en wie heet wat!

Van hierdie petalje hoor ek eers lank daarna, toe my niggie vra of ek weet my Ma is nou by die ouetehuis eintlik 'n geheime agent...onder 'n skuilnaam!

# WESKUS – BLOMMEPARADYS




Dagsê almal,

Hiermee die volgende 3 blommetjies vanuit ons St Helenabaai kontrei.


Die eerste een is die **Ferraria Crispa** of soos in die volksmond, die **Spinnekop blom.**
Dit is n pragtige donkerbruin blom en is n bolplant. Hierdie kêrel het n skerp amandel ruik en die blomvorm lyk soos n spinnekop.

Ons tweede blom is ook van die Ferraria familie, die **Ferraria densepunctulata** of beter bekend as die **Grys Uiltjie**. As jy mooi kyk sal jy n klein geel spinnekoppie in die middel van hierdie pragtige blommetjie sien wat himself verbloem en kompleet soos deel van die blommetjie lyk om die insekte wat hierdie blom besoek te vang;

Die derde blom is die **Stachys aethiopica** of in die volksnaam, **Klein Kattekruid**.
Hierdie is inderwaarheid n pragtige blommetjie wat mens maklik mis kyk omdat dit so klein is.
As jy dit egter afneem sien jy die ware skoonheid van hierdie blom mooi raak.

Ek groet eers tot volgende maand vir die volgende 3 blomme.

**Derek**



# Dié Maand se Giggels




‘n Graad 1 klas is gevra om hierdie prentjie te verwoord. Die wenner was:
*“Moet NOOIT jou kougom insluk nie!”*


















Liewe Vriende!

Ek weet nie van by julle nie, maar by my, bly gewoonlik rys oor na ‘n maaltyd. Kyk wat in jou yskas is en werk dan van daar af aan en maak ‘n heerlike rysslaai!

- grasuie
- ham
- rooipeper
- kaas
- 2 koppies rys

1. Sny alles fyn en meng met die rys.
2. Gooi sout en peper na smaak oor.
3. Maak n sousie met:

- 3/4 kp mayonnaise( jy kan meer bysit indien nodig)
- 1/4 kp melk
- 1 en 1/2 E kerriepoeier
- sap van een suurlemoen
- 1/4 kp blatjang (opsioneel)

Meng alles vir die sous en roer dit deur jou rysslaai. Geniet dit op sy eie of as bykos.

**ANDER OPSIES**

- tuna, argurkies, fyngekapte ui
- brokkolie blommetjies, bloukaas en neute
- rosyne en gesnipperde droe perskes/ of ingelegde perskes
- peer, bloukaas en neute

Wat jy wil insit hang af van dit waarvan jy hou. Hoeveel jy insit – dis jou keuse!

Mooi groetnis

Retha

# SPREEKWOORDELIKS

## 'Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Kleur**: Jou (ware) kleur(e) wys/beken (laat blyk hoe jou gesindheid is)

Met verwysing na 'n kaartspel soos brug waar iemand verplig kan word om die kleur van sy kaarte te wys omdat hy 'n besondere kleur moet navolg.

**Klopdisselboom:** Dit gaan klopdisselboom (dit gaan baie goed)

As perde op 'n stywe, egalige draf 'n kar trek, dan klop die disselboom ritmies teen die draaghout.

**Kloutjie**: Die kloutjie by die oor kry (probeer om twee teenstrydighede met mekaar te versoen; probeer om 'n storie geloofwaardig te laat klink)

Na aanleiding van 'n gedig van ongeveer 1854 van 'n Duitse digter, Fritz Reuter, waarin vertel word hoedat 'n jagter 'n bok met een skoot deur die klou en deur die oor geskiet het. Die bok was dan op daardie oomblik besig om met die klou agter die oor te krap.

**Kluitjie**: Iemand met 'n kluitjie in die riet stuur (iemand met mooi praatjies van die spoor af bring)

As 'n jagter wil hê dat sy apporteerhond tussen die riete moet inspring om die eende op te jaag, dan gooi hy 'n kluitjie daarin – wat die hond dan flous.

**Kluts:** Die kluts kwytraak (deurmekaar wees)

Die Nederlandse werkwoord klutsen beteken om dinge saam te klop, byvoorbeeld in 'n mengsel. Die uitdrukking kom moontlik uit die handpapiermakery wanneer die werkers die slag kwyt raak om die papiervloeistof egalig oor die vorm uit te sprei.

**Knertsie:** 'n Knertsie (snertsie) maak ('n dop/drankie drink)

In ou Nederlands het was die uitdrukking met éénen sneirts, dit wil sê "met een teug drink". Knertsie/snertsie is moontlik daarvan afgelei. In Nederlandse seemanstaal beteken snert ook "glas sterk drank".




Nog notas uit hospitaalleêrs (Ongeredigeer)

Die pasiënt moes 'n dermreseksie hê, maar het toe 'n pos as 'n aandelemakelaar geneem.

Die pasiënt het borskaspyn as sy op haar linkersy lê vir meer as 'n jaar.

Op die tweede dag was die knie beter en op die derde dag het dit heeltemal verdwyn.

Sy het nie gedurende die dag koue rillings gehad nie, maar haar man sê sy was baie warm in die bed.

Die pasiënt is baie bedruk sedert sy my begin sien het in 1995.

Die pasiënt het sy witbloedselle by 'n ander hospitaal vergeet.

Die pasiënt is tranerig en huil die hele tyd. Sy lyk ook asof sy bedruk is.





# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



**Deur Chrisjan**

Hierdie is ‘n 2de deel van my storie as Strapper tydens die universiteitsvakansie in 1974. As studente (altyd op soek na so ‘n ekstra geldjie) het baie Maties op die Spoorweë tydens vakansietye gaan werk. Die meegaande foto word met vergunning van die eienaar geplaas. Ongelukkig het ek sy naam verloor, maar bevestig iets van waaroor ek hier skryf.

Ook met dank aan Japie Smit, die grootbaas van ons groep, het ek die Afrikaanse woord vir ‘n Strapper (op Engels gesê) geleer naamlik, ‘n Oorlaaikruier. Maar met permissie gesê, sal ek maar by Strapper bly. Oorlaaikruier miskien net nog bietjie vreemd vir my tong.

Ek het as Strapper natuurlik saam met die kondukteur op die agterent van die trein gewerk. Die kondukteur was eintlik ' n baie magtige man op die trein. Hy kon enige trein tot stilstand bring daar van agteraf. Al die passasierswaens of goederetrokke was met hoëdruk stoompype verbind, afgesien van die sterk ysterkoppelings wat die waens of trokke gekoppel het. In die kondukteurswa was so 'n drukmeter met so 'n handvatsel. Indien jy daai handvatsel hard genoeg trek, verloor die stoompype hul druk wat die hele trein se remstelsel dan laat inskop, om die trein tot stilstand te dwing in geval van nood.

Die ander belangrike taak van die kondukteur was natuurlik om ‘n trein te laat vertrek. Daarvoor het hy 2 vlae gehad. 'n Rooie om vir die treindrywer aan te dui om nie te vertrek nie, al het die kaartjieondersoeker op ‘n passasierstrein met sy fluitjie aangedui dat al die passasiers ingeklim het. Gewoonlik maar omdat ons Strappers nog nie klaar gelaai het nie. As hy dan die groen vlag waai, kon die trein vertrek. Vir die donkertye in die nag het hy 'n lantern gehad met 'n rooi en groen skerm in die plek van die vlae.

'n Ander belangrike taak was om vir die treindrywer aan te dui dat ons veilig oor die laaste wisselaar gery het. Dit was veral by stasies of sidings waar die spoorlyne gekruis het met die hooflyn. Ek dink hulle het dit wissels genoem. Sodra die kondukteurswa oor die laaste wissel gery het, moes die kondukteur die groen vlag waai totdat die drywer-assistent dit kon sien. Sy erkenning was met 'n armswaai in die dag en 'n wit lanternlig in die donker. Daarna is almal rustig tot die volgende stasie of siding en die treindrywer kon laat waai! As die kondukteur jou as Strapper begin ken het, dan het hy die funksies van vlag- en lanternseine aan jou begin oorlaat. Sien, dan kan hy darem so 'n koffie of teetjie gooi om te drink. Ook net so 'n halwe koppietjie, want as daai treindrywer remme aanslaan of vet gee, is die koffie of tee oor jou klere. En glo my, die treindrywers het op een of ander manier presies geweet wanneer jy daai koppie so na jou mond toe gebring het!

So gaan staan ons een aand laterig met die aandpassasierstrein van Kaapstad na Johannesburg vir een of ander rede daar teenoor Scottsdene in die vlakte, kort voor Kraaifontein stasie. Natuurlik was daar net so 'n flouerige lig in die kondukteurswa, maar jy kon niks na buite sien nie. Onthou dit was 1974 en Scottsdene het omtrent net begin ontstaan en was nog oortrek met Port Jackson bome. So hier en daar kon jy 'n vuurtjie sien brand. Skielik uit die nagdonkerte kom daar 'n stem in tipiese Kaaps: "Hey guardtjie, altyd mettie selle broek en baajtie"! Ek het maar net die donker in gewuif en lekker gelag. Ek hoor vandag nog, helder en duidelik, daai roep “yt ie donkerte yt”!



'n Ander keer, het ons die Darlingtrein gewerk vir ‘n week lank, elke dag. Die trein, deur 'n stoomlokomotief getrek, het uit Culemborg-goedereloods vertrek. Bellvillestasie was 'n verpligte stop, dan voort na Kraaifonteinstasie. Daar het ons weggebreek op die Bitterfonteinlyn tot by Kalbaskraalstasie kort voor Malmesbury. Daar moes ons 'n wyle wag vir die Bitterfonteintrein vir enige goedere wat na Darling toe moes gaan. Dit het dan vir my so ‘n kansie gelaat om vir Antoinette (later my vrou) op ‘n Croxley skryfblok – so ‘n bloue met lyntjies - ‘n liefdesbriefie te skryf om dan in ‘n lugposkoevert met sy blou en rooi rantjie, Durban toe te pos. Wie onthou nog die briefskrywery en pos met die posseëls op?

Ewenwel nou tussen Kalbaskraal en Darling was daar geen noemenswaardige stasies nie, net 'n klomp sylyne waar ons melk- en roomkanne moes oplaai na die Darling botterfabriek toe. Onthou julle Kapenaars nog die Darlingbotter? Dit was nog voor die dae van "geel" margarine! My oorlede ma het soos die duiwel aan ‘n siel geglo om net Darlingbotter vir haar skilferkorsdeeg vir haar melkterte te gebruik.

Nou so moes die Strapper natuurlik daai melkkane vol melk in die kondukteurswa inlaai. Onthou, die sidings het nie een peronne of platforms gehad nie, net so 'n sinkafdakkie dat die melkkanne nou nie heeldag in die son staan nie. So moes jy daai melkkan amper kophoogte lig om dit in die kondukteurswa in te laai.

By een so 'n siding het die kondukteur my 'n lelike streep getrek. Toe ons stop, wag die moewiese 10-gellingkan (+- 45 liter) en wag vir oplaai.

Kyk pappie, toe ek daai kan sien, het ek hom so gekyk en ek het geweet, boeta hier moet jy vandag jou vat kan vat! Ek kon daai melkkan skaars kniehoogte lig, wat nog te sê van kophoogte waar die vloer van die kondukteurswa was! Ewe benoud roep ek toe maar na die kondukteur om te kom help. Hy't natuurlik geweet ek sou nie alleen regkom nie. So kom hy lag-lag afgeklim om my te kom help. Laat ek julle nou vertel, ons 2 moes self onse vat ken om daai melkkan ingelaai te kry. Nou so het ons dan by Darlingstasie omgedraai, gelaai met 'n klomp leë melkkanne wat natuurlik weer by die sidings afgelaai moes word. Dit was natuurlik nog voor tannie Evita Bezuidenhout Darlingstasie uitgekoop het!

Nodeloos om te sê, die terugrit was aansienlik makliker. Die enigste probleem was dat die treindrywer haastig begin raak het om voor donker terug in Culemborg te wees, want sodra jy die melkkan op die grond neergesit het, het die man al weer stadig beginne wegtrek.

Dan moes jy jou vang van die handvatsel by die deur van die kondukteurswa ken, want as jy hom mis, was dit bloedbek en tande teen die klippe!

**Nou ja, al wat vir die uwe oorbly, is om een en almal te groet en ‘n genotvolle en rustige feestyd toe te wens.**
**Mag die nuwejaar jou verwelkom met blink vars idees en emmers vol lewenslus!**